e-Nuwe Horison
Jesaja 58:8

*"Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees."*

**VOORBEREIDING VOOR OORWINNING!**

**Skrif: Luk 2:52**

**1953**

En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense.

**KJV**

And Jesus increased in wisdom and stature, and in favour with God and man.

**TPT**

As Jesus grew, so did his wisdom and maturity. The favor of men increased upon his life, for he was *greatly* loved by God.

**DIE BOODSKAP**

Jesus het vinnig grootgeword. Almal het gesien dat Hy groot insig in God se Woord het. God was vol vreugde oor Hom. Die mense ook.

- *Selfs Jesus was in 'n 30 jaar voorbereidingstyd om 3 en half jaar te bedien. Jesus het gegroei in lengte en wysheid en het guns gekry by die mense. Wysheid is toegepaste kennis wat jy het.*
- *'n Reus is iets wat ek nie met menslike krag oorwin nie. Goliat het op sy aangesig geval want God het hom doodgemaak.*
- *Jy moet eers die geveg binne jou oorwin voor jy die reus kan oorwin.*
- *Daar is 'n voorbereidingstyd voor die oorwinning*

1. **Oorwin die reus van GEDULD**

**1 Sam 17:13-15**

**1953**

13Maar die drie oudste seuns van Ísai het Saul al in die oorlog gevolg; en die name van sy drie seuns wat in die oorlog gegaan het, was: Elíab, die oudste, en sy tweede, Abinádab, en die derde, Samma.

14Dawid was die jongste, terwyl die drie oudstes Saul gevolg het.

15En Dawid het heen en weer gegaan van Saul om die kleinvee van sy vader in Betlehem op te pas.

**KJV**

13And the three eldest sons of Jesse went *and* followed Saul to the battle: and the names of his three sons that went to the battle *were* Eliab the firstborn, and next unto him Abinadab, and the third Shammah.

14And David *was* the youngest: and the three eldest followed Saul.

15But David went and returned from Saul to feed his father's sheep at Beth-lehem.

**NLV**

13Die oudste drie, Eliab, Abinadab en Samma, was soldate in Saul se leër.

14Dawid was die jongste seun, terwyl die drie oudstes reeds in Saul se leër diens gedoen het.

15Dawid het heen en weer beweeg tussen Saul en sy pa se skape wat hy in Betlehem moes versorg.

**Jes 28:16**

**1953**

16daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie.

**KJV**

therefore thus saith the Lord GOD, Behold, I lay in Zion for a foundation a stone, a tried stone, a precious corner *stone*, a sure foundation: he that believeth shall not make haste.

**NLV**

Daarom sê die oppermagtige Here: "Kyk, Ek gaan in Jerusalem 'n klip neersit, 'n granietsteen, 'n hoeksteen vir 'n vaste fondament. Elkeen wat op My vertrou, hoef nie weg te hardloop nie.

**Hand 1:4**

**1953**

En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.

- *Dawid was hier reeds gesalf as Koning.*
- *Wag waar is meer – daar is 'n belofte.*
- *Sal nie haastige wees nie – glo en tyd. Geduldig te wees.*

## 2. <u>Oorwin die reus van VERANTWOORDELIKHEID</u>

**1 Sam 17:20**

**1953**

En die volgende môre vroeg het Dawid hom klaargemaak: die kleinvee aan die wagter afgegee en opgelaai en weggegaan soos Ísai hom beveel het. En toe hy by die wa-laer kom, hef die leërmag wat na die vegterrein uittrek, juis die krygsgeskreeu aan.

**KJV**

And David rose up early in the morning, and left the sheep with a keeper, and took, and went, as Jesse had commanded him; and he came to the trench, as the host was going forth to the fight, and shouted for the battle.

**NLV**

Dawid het vroeg opgestaan, die skape in die sorg van 'n ander herder gelos, die kos geneem en gedoen soos sy pa hom beveel het. Net toe hy daar aankom, het die manskappe met 'n oorlogskreet in gevegsorde uitgetrek

- *Al was dit 'n vernederende werk nog steeds neem hy verantwoordelikheid vir sy skape.*
- *Waarmee het God jou vertrou?*

**Matt 25:21**

**1953**

En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

**KJV**

His lord said unto him, Well done, *thou* good and faithful servant: thou hast been faithful over a few things, I will make thee ruler over many things: enter thou into the joy of thy lord.

**TPT**

“Commending his servant, the master replied, ‘You have done well, and proven yourself to be my loyal and trustworthy servant. Because you have been a faithful steward to manage a small sum, now I will put you in charge of much, much more. You will experience the delight of your master, who will say to you, “Enter into the joy of your Lord!”

**DIE BOODSKAP**

Die ryk man prys hom toe: ‘Uitstekend! Jy is regtig ’n goeie werker op wie ’n mens kan staatmaak. Jy het eintlik maar net ’n bietjie geld gehad om na te kyk, maar jy het dit goed gedoen. Eendag sal ek vir jou baie meer gee om na te kyk. Kom, wees saam met my bly, want jy is ’n ware vriend.

- *As jy in die klein dingetjies getrou is gaan God jou meer gee.*

3. **<u>Oorwin die reus van COMMITMENT (totale oorgawe en toegeweid)</u>**

**1 Sam 17:16**

**1953**

En die Filistyn het smôrens vroeg en saans nader gekom en gaan staan, veertig dae lank.

**KJV**

And the Philistine drew near morning and evening, and presented himself forty days

**NLV**

Vir 40 dae lank, elke oggend en aand, het die Filistyn uitgekom en sy uitdaging aan die Israeliete gerig.

- *Vir 40 dae het Goliat die Israeliete uit te daag.*

**Eseg 22:30**

**1953**

En Ek het onder hulle 'n man gesoek wat 'n muur kan bou en voor my aangesig in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie; maar Ek het niemand gevind nie.

**KJV**

And I sought for a man among them, that should make up the hedge, and stand in the gap before me for the land, that I should not destroy it: but I found none.

**NLV**

“Ek het gesoek na iemand wat die muur wat die land beskerm, kon herbou, na iemand wat voor My in die gaping in die muur kon staan sodat Ek nie die land hoef te vernietig nie, maar Ek het niemand gekry nie.

- *Jy moet net bereidwillig wees om te sê ek sal dit doen.*

**Luk 10:33-34**

**1953**

33Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel,

34en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg.

**Luk 9:62**

En Jesus antwoord hom: Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.

- *Jy moet die proses vertrou.*
- *Geen geveg is te groot nie.*

**Belofte**

**1 Kor 6:17**

**1953**

Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.

**KJV**

But he that is joined unto the Lord is one spirit.

**TPT**

But the one who joins himself to the Lord is mingled into one spirit with him.

**DIE BOODSKAP**

Dit is op geestelike gebied ook waar. As ’n mens jouself vir die Here gee, word julle twee ook soos een. Dit gebeur natuurlik nie liggaamlik nie, maar geestelik.

- *Is jy “in tune” met wat God in jou lewe wil hê? Wanneer jy jouself vir God gee word jy en God geestelik een.*

**Aanname**

1. Elkeen van ons word gekonfronteer deur Reuse.
2. Reuse kan nie met menslike krag oorwin word nie, net deur Goddelike ingryping.
3. Om die Reuse van hierdie lewe te oorwin moet ons die gevegte binne ons oorwin.
4. Omdat Dawid die gevegte binne hom oorwin het, daarom het hy kans gesien vir Goliat.

**Interessant**

**In die bres tree:** Beteken om iemand in ‘n tyd van nood te verdedig of te ondersteun.

In die ou dae toe stede nog met mure omring was, was dit vir invallende soldate belangrik om ‘n bres (gat) in die muur te slaan waardeur hulle dan kon ingaan (afgelei van die Franse woord *brèche*, wat opening of gleuf beteken). Iemand (‘n baie dapper soldaat) moes dan in die gat (bres) gaan staan (tree) om die stand teen die aanvallers te verdedig. . Indien die opening redelik smal is, is die eerste keuse gewoonlik dat 'n ridder in die bres staan, om die gat soos 'n ysterprop toe te stop. Vandag is dit natuurlik nie naastenby so gevaarlik om vir iemand in die bres te tree as toentertyd nie! Jou kanse om nou so ‘n in-die-brestreeëry te oorleef, is veel beter as toe.